# Gebedsbulletin
# No. 45 van 2024

## 10 November 2024

Geloofsfamilie Vaalpark NG Kerk

Deon Serfontein Sel No.: +27 83-288-7555

# Wees 'n goeie antwoord op die regte vrae

Charles Schultz, die skepper van die strokiesreeks "Peanuts," het iewers vir mense gevra om die volgende tipe vrae te beantwoord: Noem die laaste ses Oscarwenners vir die Beste Akteur en Aktrise. Noem tien mense, wat reeds die Nobelprys en die Pulitzerprys gewen het. Noem die vyf rykste mense ter wêreld. Schultz sê toe dat die meeste mense nie die antwoorde geken het nie. Gister en vandag se "celebrities" raak gou-gou vergete. Maar toe vra hy die volgende vrae: Watter onderwysers het 'n groot invloed op jou lewe gehad? Noem vyf mense by wie jy groot lewenslesse geleer het. Watter mense het jou geliefd laat voel? Laasgenoemde vrae is maklik. Dadelik kan jy name, gesigte en goeie herinneringe aan jou antwoorde koppel. Van sulke vrae gepraat: Daar's ook 'n ander stel vrae, wat jy vir jouself moet afvra. Hierdie vrae verskuif die klem vanaf dit wat ander mense vir jou beteken na watter impak jý in ander se lewens maak.

Beantwoord dit gou:
In wie se lewe maak ekself tans 'n verskil? Vir wie was ek 'n naaste in die afgelope week? Hoe het ek onlangs iemand se laste gedra? Vir wie het ek vandag gebid? Hoe het ek my tyd, my geld en my talente die afgelope maand prakties in diens van die Here gestel? Watter arme ken my op die naam? En laastens: Hoe dink ek praat Jesus oor my, wanneer my naam voor Sy Vader ter sprake is (Matteus 10:32)?
Wees asseblief 'n goeie antwoord op die regte vrae, daardie soort, wat God se hart reg aanraak.

***Geskryf deur Stephan Joubert***

## Gemeente – Algemeen

-Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
-Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
-Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

## Voorbidding vir lidmate

Lottie Conradie
Jaco Steenkamp
Johnny Viviers
Annie Brink
Annika Kilian
Leonie Kruger
Jillian Jansen
Jaap Naudé
Tannie Bets Coetzee
Marinda Jordaan
Tannie Rina vd Vyver
Rudi Kruger
Adri Botha
Johan Zulch
Cedric Wiegand
Willie Viljoen
Rina du Plessis
Danie Therom
Tannie Hanna Pienaar
Adri Carstens
Stefaans du Plessis
Anna Chandler
Marlie Holtzhausen




__*Byvoorbaat baie dankie vir jou dankoffer . . .*__
**ABSA Sasolburg; Tjek Rekening**
**Rekno.: 0520580654**
**Takkode: 632005**

## Dank Gebede

-Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk

-Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf

-Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd saam met my die pad loop!

-Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.

- Dankie vir U ***wondergroot genade***...

- HERE, ek het U lief! AMEN




## Gedagte vir die week

